

Eksodus 30:11-16  
Matteus 17:24-27

## **Die Koning sal voorsien – Vertrou op Hom**

### Inleiding

Geliefdes voorspoedige nuwejaar. Dit is begin van die nuwe jaar – Die nuwe belastingjaar. Nog 'n jaar waar ons die keiser moet betaal wat hom toekom. Vir baie van ons steek hierdie betaling ons dwars in die krop. Ek sien nie waarheen my geld gaan nie. Dienste word nie gelewer nie, die paaie is vol slaggate of ons is selfs vir 'n paar dae sonder krag.

Tog moet ons sente omdraai om te oorleef want Jan taks toon nie genade nie. Elkeen moet betaal.

In Eks. 30 lees ons van die instelling van die tempelbelasting en in Matt. 17 die wyse waarop Jesus die belasting dan ook hanteer.

Ons word vanoggend geleer dat die Koning sal voorsien – vertrou op Hom.

### Die Koning sal voorsien

Dit is opvallend dat die vertelling van die tempelbelasting net deur Matteus vertel word. Sy agtergrond gee egter rede hiervoor. Matteus was eers 'n tollenaar en was dus bekend met die wyse waarop belasting ingevorder was. Die belasting wat hier betaal moes word, verwys na 'n instelling by die tempel dat elke man bo die ouderdom van 20 jaar belasting moes betaal. Hierdie belasting was gelykstaande aan een dagloon van 'n gemiddelde arbeider.

Die opdrag vir die tempelbelasting word gegee in Eks. 30:11-16. Hier word die benaming egter gebruik – versoeningsoffer. Dit word gehef tydens 'n volkstelling of sensus. Elke persoon moet 'n gelyke hoeveelheid betaal. Elkeen betaal 'n gelyke hoeveelheid vir die versoeningsoffer.

Soos wat die mens van nature sleg is, is die gebruik van die tempelbelasting ook uitgebuit.

Die belasting moes betaal word in die Joodse geldeenheid. Omdat meeste van die burgers handel gedryf het met die Roomse geldeenheid, moes daar omskakeling plaasvind. Tollenaars het dan by die tempel gesit en die “wisselkoers” bestuur. Die Roomse geld is geruil vir 'n Joodse muntstuk en 'n klein administrasie fooi is dan gehef. Op so 'n wyse is die armes uitgebuit wanneer hulle opdrag wou eerbiedig wat God daar gestel het.

### Belasting

Belasting as geheel is gehef sodat die koning daardeur sy rykdom kon uitbou en ook die wyse waarop hy versorg is. Op grond daarvan het die naastes van die koning en die koning self nie belasting betaal nie.

Wanneer die vraag dus gestel word aan Petrus huiwer hy nie om te antwoord dat Jesus self ook belasting betaal nie, want dit is tog wat die owerheid vereis. Die tempelbelasting is gebruik om die tempel instand te hou en Jesus was self gereeld by die tempel. Hy moes dus 'n bydra maak. Wat Petrus egter vergeet is dat die Koning, die enigste Koning oor die hele aarde vrygestel is van enige belasting. Hy betaal nie, Hy eis.

Ter wille van vrede dring Jesus egter daarop aan om die belasting te betaal. Die wyse waarop die geld egter verkry word is ietwat vreemd. Jesus beveel vir Petrus, 'n visserman, om te gaan visvang. Hy vang egter nie met die net van sy skuit af soos wat hulle maar gemaak het nie. Jesus beveel hom om 'n hoek in te gooi. Petrus moet basies met 'n handlyn 'n vis gaan vang. Die vis wat eerste byt sal uitgetrek word. Hierdie vis word dan nie verkoop om die belasting betaal nie, maar in die vis se mond sal die muntstuk wees wat die prys sal betaal. Die prys word betaal vir Petrus maar ook vir Jesus.

Jesus wat mens geword is self God maar ook in die beeld van God. Hy het dus gesag oor al die diere en die visse in die see, net soos wat God dit ook bestem het vir Adam en Eva. Daarom gee Hy vir Petrus die opdrag om te gaan visvang. Hy bestem die wyse waarop die vis gevang moet word.

Hierdie opdrag klink baie vreemd. Daar is soveel goed wat moes gebeur vir die gebeure om te kon plaasvind.

- Iemand moes die presiese muntstuk verloor

- Die vis moes die munstuk optel en in sy mond hou
- Petrus moet sy hoek ingooi op di epresiese plek waar die vis is
- Geen ander vis moet die hoek byt nie

Dit alles gebeur sodat Jesus die tempelbelasting kan betaal. Dit alles gebeur sodat Jesus die wet kan gehoorsaam.

### Die Koning is gehoorsaam

Ons lees verskeie male hoe Jesus die wette oortree – nie die wet van God nie, maar mensgemaakte wette. Hy het met sondaars en onrein mense geëet. Hy het aan melaatses geraak. Hy het kos geëet voordat dit gereinig is.

Tog maak Hy soveel erns om die tempelbelasting te betaal. Dit is ‘n opdrag van God. Dit is nie ‘n mensgemaakte wet nie, maar ‘n opdrag van Sy Vader.

As ‘n man, ouer as 20 moet hierdie Jood ook die tempelbelasting betaal. Die tempelbelasting is nie verpligtend nie, maar dit word tog verwag dat dit betaal sal word. Ons lees in 2 Kron. 24 dat hierdie tempelbelasting gebruik is vir die herstel van die tempel. Hierdie fondse is dus nodig om die huis van die Here instand te hou.

So ook is Christus se gehoorsaamheid hier deur die tempelbelasting te betaal nog ‘n wyse waarop ons kan sien dat Hy die wet vervul.

Wanneer die amptenaar die vraag aan Petrus vra – *Betaal hy dan nie tempelbelasting nie?* Staan daar letterlik geskryf – **Voltooi** hy dan nie die tempelbelasting nie?

Hier sien ons reeds gedeeltelik die vervulling van God se belofte in Eks. 30 – *Die versoeningsgeld sal My, die Here, laat dink aan die Israeliëte en sal hulle lewens loskoop.*

Geliefdes ons het laasweek die feesmaal gehou waarin ons met dankbaarheid terugkyk na die versoeningsoffer wat volbring is deur Jesus Christus. Deur Sy gehoorsaamheid aan die wet, tot in die dood toe, is die prys volkome betaal. Die tempelbelasting is opgehef. Alle eer kom die Koning toe. Nie landsleiers en ander

mense van aardse aansien nie. Titels, en mag en hoë posisies sal nooit gelyk wees aan die stand van die Koning oor al die nasies nie. Net Hy mag eis. Net Hy mag oordeel en net Hy kan verlos.

Geliefdes daarom kan ons met vrymoedigheid in die geloof volkome vertrou op ons verlosser.

### Vertrou op Hom

Geliefdes jy vat nie 'n mes na 'n geweergeveg toe nie. Petrus moes met 'n stukkie lyn en 'n hoek gaan visvang. Nie met die nette wat hy aan gewoond s nie. Hy het in alle waarskynlikheid verspot gelyk langs die water en die ander vissers sou hom uitgelag het.

Ons lees nie wat die uitkoms was van Petrus se visvang ekspidisie nie, maar dit is nie waar rondom die vertelling gaan nie. Daar word vir ons voorsien wat ons nodig het. Soos wat Jesus gesorg het dat Petrus hulle tempelbelasting kon betaal, het die Vader ook gesorg dat die volle prys betaal is vir ons verlossing.

Die versoeningsoffer van Eks. 30 het uitdruklik genoem dat ryk en arm eweveel moes betaal. Geliefdes elkeen van is verlos omdat Christus die prys betaal het. Dieselfde prys is betaal vir elkeen van ons ongeag hoe groot ons sonde is.

Daarom word ons ook opgeroep om op God te vertrou. Petrus moes bereid wees om homself te verneder om aan Christus gehoorsaam te wees. Dit is nie altyd maklik om te vertrou nie. Soms voel die tunnel te lank voor ons by die lig kan uitkom. Soms voel dit of daardie vis net nie wil byt nie.

Sommiges worstel al lank met siekte, ander word gekonfronteer met die dood van 'n geliefde, sommiges het hulle werk verloor... Hoe vertrou ek? Hoe hou ek aan vertrou?

Ek kan met dankbaarheid getuig dat die Here se roepstem nooit stil is nie. Hy het my geroep om te gaan leer as 'n predikant. Ek het lank studeer en toe gewag. En op die tyd en die wyse wat die Here goeddink het Hy geroep. En ek kon antwoord.

Geliefdes net deur die werking van die Heilige Gees kan ons in die geloof aanhou om te vertrou. Die Gees herinner ons deurlopend dat die prys vir ons betaal is. Jesus lei vir Petrus om te beseef dat die kinders van die koning kwytgeskeld word van die belasting. Geliefdes daarom hoef ek en jy nie die prys te betaal nie. Ons as kinders van God – verlostes – is vrygespreek van die prys wat betaal moet word. Vertrou op God want ons hoef nie die rekening te vrees nie.

### Slot

Ons twyfel graag oor die druk van die lewe. Waar gaan ek tyd kry? Waar gaan ek geld kry? Waar gaan ek die gesondheid kry? God eis dat ons Hom sal vertrou. Die wyses waarop Hy uitkoms gee maak nie vir ons sin nie. Vir Petrus het Hy uitkoms gegee in die mond van 'n vis. Die Koning het voorsien. Hy het die prys betaal en daarom skryf Petrus ook in sy eerste brief – *Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.*